



Christeliek-Maatskaplike Raad

Christian Social Services

Eastern Cape

CMR verryk gesinslewe deur die liefde van Christus in aksie te wees
The CMR enriches family life by being the love of Christ in action
028-575 NPO

Tel/Phone: 041-4843554
Faks/Fax: 0865720665
E-pos/E-mail: cmr-pe@webafrica.org.za
Webpage: <https://cmrec.co.za>
Director: M. von Solms

Mountweg / Mount Road 16
Posbus / P.O. Box 3217
Gqeberha
6056

23.02.2024

Beste mede vennoot

CMR Oos-Kaap bestaan uit 11 kantore in die Oos Kaap. Ons dienste is spesifiek gerig op Kinderbeskerming en die bemagtiging van gemeenskappe tov die welsyn van kinders en die ontwikkeling van ouers. Die afgelope 80 jaar het CMR in die Oos-Kaap ontwikkel met 'n rykdom van goed ontwikkelde programme en vaartbelynde dienste. Die meegaande profiel, voorsien meer spesifieke inligting tov die dienste wat gelewer word.

Die visie van CMR – “CMR verryk gesinslewe deur die liefde van Christus in aksie te wees.” As missionêre diens, bedien ons kantore ieder en elke persoon, ongeag geloofsverband wat om Kinderbeskermingsdienste, aanklop.

In die Oos-Kaap het ons die voorreg om toegewyde personeel in diens te hê wat oor jare ondervinding beskik wat bydra tot uitstekende kwaliteit dienste wat gelewer word. Die CMR is een van die ligtorings wat deur die NG Kerk gestig is om lig en hoop te gee vir uiters donker omstandighede.

Die voortbestaan van ons kantore word tans ernstig bedreig aangesien die befondsing deur die Staat oor jare heen, onveranderd bly en die bedryfskoste toeneem. Tog ervaar ons 'n drastiese vermeerdering in die nood binne die gemeenskappe wat bedien moet word.

Dit is uiters belangrik dat ons as geloofsgemeenskap, hierdie maatskaplike dienste hulpbron behou. Daar is tans selfs kantore wat sluiting in die oog staan. Die ondersteuning deur die gemeenskap, is uiters belangrik.

Daarom wil ek graag die volgende versoeke aan u rig.

1. Om ernstig saam te bid vir CMR se toekoms en voortbestaan.
2. Om iewers betrokke te raak by finansiële voortbestaan.
3. Om kollekte op te neem vir CMR Oos-Kaap al beskik u gemeenskap nie oor 'n kantoor in u onmiddellike omgewing nie, want dit gaan oor die nood in die Oos-Kaap.

4. Om u lidmate aan te moedig om betrokke te raak by praktiese hulpverlening, bv. voedselhulp, die diens /instandhouding van motors/toerusting/geboue, regsadvies, en sielkundige dienste .

Besoek gerus ons Webtuiste om meer inligting te bekom tov ons dienste - <https://cmrec.co.za>

Vir die gemeentes wat reeds die dienste van CMR ondersteun, wil ons werklik uit ons hart dankie sê, aangesien dit 'n belangrike bydrae is in belang van hierdie bediening.

Ons sien daarna uit dat u gemeente betrokke sal raak by hierdie noodsaaklike diens en ook die boodskap sal versprei daar waar u beweeg.

U is welkom om direk met my, of met die Direkteur, Magda von Solms (081 549 3455) te skakel indien u meer inligting verlang.

Seënwense

Christo Stümke

Voorsitter CMR Oos-Kaap Streekraad

Sel: 073 462 1660

E-pos: christostumke.cs@gmail.com

CMR Oos Kaap bank besonderhede:

Naam : CMR Eastern Cape

ABSA Bank (tjek rekening) 290 144 442